
DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS [21]

No. E286

Ek glo in die Heilige Gees

Sonder twyfel is die Heilige Gees die mees geheimenisvolle Persoon van die Goddelike Drie-eenheid. Dis omdat Hy die *skaam* Persoon van die Drie-eenheid is. Voorop in Sy bediening is Sy gerigtheid op die verheerliking van Christus (Jh 15:26;16:14).

Die begrip Gees

Die Afrikaanse woord, *Gees*, is 'n vertaling van die Hebreeuse woord, *ruach* (in die Ou Testament), en van die Griekse woord, *pneuma* (in die Nuwe Testament). Die basiese betekenis van beide hierdie woorde is *wind* of *asem*. Waarskynlik gebruik God se Woord hierdie twee woorde om twee karaktertrekke van die Heilige Gees uit te lig:

- Hy is God se geheimenisvolle en kragtige *wind* vir wie geen mens kan peil of beheer nie.
- Hy is God se lewegewende *asem* sonder wie 'n mens geestelik dood bly.

Die Heilige Gees is dus dinamies en lewegewend. Waar Hy werk, verander dinge altyd. Maar dis nie verandering sonder meer nie; dis verandering ten goede. Daar kom lewe, ware lewe, Godvererende lewe.

Die begrip heilig

Hierdie woord bring altyd in die Bybel twee waarhede na vore:

- Ten eerste dui dit op *afsondering* - dus op die Gees se gansandersheid, Sy transendensie, Sy goddelikheid. Hy is ver bo ons verheewe.
- Daarna dui die begrip altyd op *etiese volmaaktheid*.

Die Heilige Gees is 'n persoon

Te veel mense dink aan die Heilige Gees bloot as 'n onpersoonlike invloed of krag. So 'n persepsie is godslasterlik. Hy is volledig en selfstandig 'n persoon.

Die Heilige Gees het nie 'n liggaam nie, maar dis nie noodsaaklik vir persoonlikheid nie (vgl. die mens in die tyd tussen die dood en die opstanding). Volgens die Skrif het Hy egter wel die essensiële eienskappe van persoonlikheid:

- *Kennis en intelligensie*. 1Kor 2:10-11: "Aan ons dan het God dit deur die Gees bekend gemaak, want die Gees deurzoek alle dinge, ook die diepste geheimenisse van God. Watter mens ken die verborge dinge van 'n mens behalwe die gees van die mens wat in hom is? So ook ken niemand die verborge dinge van God nie, behalwe die Gees van God."
- *Emosie en gevoel*. Volgens Ef 4:30 kan die Gees bedroef raak.
- *Wil*. Die apostelkonvent stuur 'n boodskap aan die gelowiges in die heidendom na aanleiding van 'n besluit van hulle en die Heilige Gees (Hd 15:28). Die Gees *wou* Paulus en sy medewerkers nie toelaat om in Asië te preek of om na Bitinië te gaan nie (Hd 16:6). Die Gees deel die genadegawes uit

soos Hy *wil* (1Kor 12:11). Vgl. ook Rm 8:27.

- In Jh 14:17 word vir die eerste maal in die bovertrek na die Heilige Gees verwys. Hier gebruik Johannes die grammatikaal korrekte onsydige voornaamwoorde (Gr. *ho* en *auto*) saam met die onsydige *pneuma*. Letterlik staan daar dus: "... die Gees (Gr. *pneuma*) van die waarheid *wat* die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit *dit* nie sien en *dit* nie ken nie ..." Maar, nadat Johannes nou gewys het dat hy sy grammatika ken, gaan hy in 14:26; 15:26; 16:8, 13, 14 teen alle taalreëls in deur die manlike voornaamwoord (Gr. *ekeinos*) te gebruik, in plaas van die grammatikaal korrekte onsydige voornaamwoord (Gr. *ekeino*). Hiervoor kan daar net één verklaring wees: Johannes wou die persoonlikheid van die Heilige Gees beklemtoon. Maar om seker te maak sy lesers skryf sy taalgebruik nie toe aan slordigheid of onkunde nie, hou hy vir eers in 14:17 by die grammatikaal korrekte.

- Die Griekse naam *Parakletos* (Trooster, Voorspraak, Advokaat, Helper, Bystaander) wat die Here Jesus in die bovertrek vir die Gees gebruik (Jh 14:16, 26; 15:26; 16:7), maak eintlik net sin as dit van toepassing is op 'n persoon.

- Die Heilige Gees word talle kere saam met ander persone genoem, op 'n wyse wat Sy eie persoonlikheid noodwendig maak:

Saam met *mense* (Hd 15:28).

Saam met *Christus* (Jh 14:16; 16:14). In voorlaaste vers hierbo praat Jesus van die Gees as die *ander* Voorspraak - met die implikasie dat Hyself die eerste Voorspraak is. In Grieks is daar twee woorde wat ons met *ander* vertaal: *allos*, wat op 'n bloot numeriese onderskeid dui, en *heteros* wat op 'n generiese of wesensonderskeid dui. In die betrokke vers gebruik die Here *allos*, waarmee Hy impliseer dat daar wel 'n onderskeid tussen Hom en die Gees is, maar dat hulle van dieselfde soort is -

hulle is beide persóne.

Saam met die *Vader en die Seun* (Mt 28:19; 1Kor 12:4-6; 2Kor 13:13; Jud 20, 21). Aangesien beide die Vader en die Seun persone is, is die implikasie onontkombaar dat ook die Heilige Gees 'n persoon is.

- Die Heilige Gees doen die handeling van 'n persoon: Hy soek, ken, praat, getuig, openbaar, oortuig, beveel, lei, help, skeep, heilig, bid, doen wonders, ens.

Die Heilige Gees is die derde Persoon van die Goddelike Drie-eenheid

Daar word na die Gees verwys as God. Hd 5:3-4: "Petrus sê toe vir hom: 'Ananias, hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige Gees te lieg ... Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God.'"

Goddelike werke word aan die Heilige Gees toegeskryf. Hy is die gewer van lewe (Jh 6:63); Hy wederbaar mense (Jh 3:3-8; Tit 3:5); Hy sal ons opwek uit die dood (Rm 8:11).

Talle kere word die Heilige Gees saam met die Vader en die Seun in trinitariese uitdrukkings genoem (Mt 28:19; 1Kor 12:4-6; 2Kor 13:13; Jud 20-21). Die Bybel plaas die Gees dus op dieselfde vlak as die Vader en die Seun.

'n Verskeidenheid van Goddelike attribute en volmaakthede word aan die Heilige Gees toegeskryf:

- *Almag.* Hy is betrokke by die skepping (Gn 1:2; Ps 104:30) en by die bonatuurlike ontvangenis van die Christus: "Die engel antwoord haar: 'Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God'" (Lk 1:35).

- *Alwetenheid.* Jesaja sinspeel daarop: "Wie kan

die Gees van die Here peil, wie kan sy raadgewer wees? Vir wie raadpleeg Hy dat dié Hom tot insig sou bring en Hom sou leer wat om te doen? Wie leer Hom en onderrig Hom dat Hy met insig kan optree?" (40:13-14). Die Here Jesus belowe in die bovertrek: "... wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het" (Jh 14:26). En die apostel skryf dat die Gees alle dinge deursoek, ook die diepste geheimenisse van God (1Kor 2:10).

- *Alomteenwoordigheid.* Dawid het dit al verstaan. Hy skryf in Ps 139:7: "Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?" Hy gaan dan voort en sê dat hy nooit sal kan wegkom nie, selfs al sou hy vlug na die hemel of die doderyk, die ooste of die weste. Daar is geen donkerte wat hom sal kan verskuil nie.

Ons lees dat die Gees in alle ware gelowiges woon (1Kor 6:19). Maar die groot getal Christene is kennelik nie vir Hom 'n probleem nie.

- *Ewigheid.* Hebreërs 9:14: "... Christus (het) immers Homself as volkome offer deur die ewige Gees aan God geoffer."

Die Drie-eenheid is 'n diep geheimenis

God is een, maar bestaan tog vir ewig as drie onderskeie persone: die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Hierdie is 'n diep en onbegryplike verborgenheid, maar ons moet ten alle koste vashou aan sowel die drieheid as die eenheid.

In die geskiedenis was daar diegene wat gehou het by die godheid, sowel as die persoonlikheid van die Heilige Gees - maar wat die drieheid van die Godheid ontken het. Hierdie dwaling staan bekend as *Modalisme*. Dit loën dat daar op enige tydstip drie onderskeie persone in die Godheid is, maar leer dat God Homself agtereenvolgens in die

openbaringsgeskiedenis in verskillende modes, vorme of gestaltes geopenbaar het. So 'n standpunt degradeer die Heilige Gees dan tot 'n blote verskyningsvorm - 'n manifestasie.

Vandag is daar nie soveel mense wat die modalisme openlik verkondig nie. Die Jehova-getuies is die bekendste loënaars van die Drie-eenheid, en die sg. *Jesus-only-beweging* vertoon ook sterk trekke daarvan. Maar baie goeie kerkmense, lidmate van regsinnige kerke, loop tog in hulle onkunde met Godonterende idees rond wat allerlei variasies op die tema van die modalisme is.

Ergste van hierdie ronddrywende dwalinge is die idee dat die Heilige Gees die "goeie ekwivalent" van die Duiwel is. Waarom is so 'n persepsie godslasterlik? Omdat dit die derde persoon van die Goddelike Drie-eenheid degradeer tot die vlak van 'n skepsel. Nee, die Gees is God; die Duiwel is 'n gevalle engel!

Daar is talle Skrifuitsprake wat op drie onderskeie persone in die Godheid wys. Male sonder tal verwys die Here Jesus na God as Sy Vader, en vertrou Homself uiteindelik tydens die kruisiging aan Sy Vader toe (Lk 23:46). Die Seun ontvang die Heilige Gees (Mt 3:16-17; Mk 1:10-11; Lk 3:21-22; Jh 1:32-34) en stuur Hom ook weer uit (Jh 14:16; Hd 2:33).

Sowel die Vader as die Seun het die Heilige Gees uitgestuur

Tussen die drie persone van die Drie-eenheid is daar 'n definitiewe verhouding en orde. Omdat al drie God is, moet mens nie dink dat al drie dieselfde is nie. Nee, elkeen het ook Sy unieke eienskappe en verhouding met die ander, asook Sy eie funksie in God se raad - besonderlik in die uitwerk van die verlossingsplan. Om lg. eenvoudig te stel: die Vader besluit en verkies; die Seun stel die regsbasis vir die verlossing van die uitverkorenes daar en oorsien die ontwikkeling daarvan; die Heilige Gees implementeer en verwerklik die

herskepping in hulle.

In die bovertrek, die aand voor Sy kruisiging, beloop die Here Jesus dat die dissipels nie soos weeskinders agtergelaat sou word nie. In Jh 14:16 sê Hy dat die Vader die Voorspraak in antwoord op Sy gebed sou gee. En in 14:26 sê Hy dat die Vader die Heilige Gees in Sy Naam sou *stuur*. Uiteindelik sê Hy in 15:26 dat die Gees van die Vader *uitgaan*.

Betekenisvol is nou dat die Here Jesus óók belowe dat Hy die Voorspraak sal stuur (15:26). En na die opstanding blaas Hy (waarskynlik as 'n handelingsprofesie met die oog op die Pinkstergebeure) oor die dissipels en sê, "Ontvang die Heilige Gees!" (Jh 20:21).

Dis dus duidelik dat daar 'n intieme verband is tussen die Heilige Gees, aan die een kant, en sowel die Vader as die Seun, aan die ander kant. *En die Vader én die Seun het die Heilige Gees gestuur; Hy het van hulle beide uitgegaan.*

Hierdie waarheid word herbevestig en verder belig in Hd 2:33: "Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor." Hierdie vers sal vorentoe in sy openbaringshistoriese konteks behandel word. Geen verdere kommentaar word dus hier gegee nie.

Dis waarom die Nuwe Testament die Heilige Gees nie net die Gees van God noem nie, maar ook die *Gees van Christus* of die *Gees van die Seun* (Rm 8:9; Gl 4:6; Fl 1:19).

Net 'n laaste kort opmerking oor die verhouding tussen Jesus Christus en die Heilige Gees:

Enersyds is die Here Jesus se hele lewe hier op aarde deur die Gees beheers. Hy het die Gees sonder enige beperking gehad - sonder maat (Jh 3:34). Hy was dus volkome vervul met die Gees. Hy was gesalf deur die Gees (Lk 4:18-19) en het alles wat Hy gedoen het in die krag van die Gees gedoen.

Andersyds is die die hart van die Heilige Gees se taak op aarde om die Seun te verheerlik (Jh

16:14-15).

Nico van der Walt

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, intemasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellaries en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika. E: nico.vanderwalt@reform.ed.org.za ; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
- Weekliks word 'n preek/studiestuk soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer of preek gerus. Of stuur verder.